**8.** Die gelde wat ten opsigte van 'n in die Eerste Bylae bedoelde lisensie of sertifikaat aan die Posmeester-generaal betaalbaar is, word by regulasie voorgeskryf: Met dien verstande dat geen gelde ten opsigte van 'n lisensie of sertifikaat aldus voorgeskryf word nie wat die gelde wat ten opsigte van daardie lisensie of sertifikaat in die Tweede Bylae voorgeskryf word, te bowe gaan: Met dien verstande voorts dat die gelde betaalbaar ten opsigte van 'n luisteraarslisensie die gelde is wat ten opsigte van bedoelde lisensie kragtens paragraaf (*f*) van sub-artikel (1) van artikel *vyf-en-twintig* van die Uitsaaiwet, 1936 (Wet No. 22 van 1936), voorgeskryf word.

**Duur van lisensies en sertifikate.**

**9.** (1) Behoudens die bepalings van artikel *veertien*, bly 'n in paragraaf (ix) van die Eerste Bylae bedoelde lisensie, in die geval van 'n nuwe lisensie, van krag vir 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum waarop die diens ten opsigte waarvan die lisensie uitgereik was, 'n aanvang geneem het en in die geval van 'n hernuwing, vir 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum waarop die vorige lisensie verstryk het.

(2) Alle ander in die Eerste Bylae bedoelde lisensies verstryk op die een-en-dertigste dag van Desember van die jaar waarin die lisensie uitgereik of hernu is tensy dit eerder deur die Posmeester-generaal ingevolge artikel *veertien* ingetrek word.

(3) Die in paragrawe (xii) en (xiii) van die Eerste Bylae bedoelde sertifikate bly van krag tensy en totdat hulle deur die Posmeester-generaal ingevolge artikel *veertien* ingetrek word.

**Vertoning van lisensies vir inspeksie.**

**10.** Iemand van wie dit ingevolge die bepalings van hierdie Wet vereis word dat hy 'n lisensie, setifikaat of permit moet besit, moet op aanvraag van enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of van enige amptenaar in die staatsdiens wat behoorlik deur die Posmeester-generaal gemagtig is om so 'n aanvraag te doen, sy lisensie, sertifikaat of permit vir inspeksie toon.

**Permit vir die besit van radio-apparaat.**

**11.** (1) Die Posmeester-generaal kan aan enigiemand 'n permit vir 'n beperkte tydperk toeken, vir die besit deur so iemand van radio-apparaat op voorwaarde dat sodanige apparaat nie gedurende bedoelde tydperk vir oorsending of ontvangs gebruik word nie.

(2) Geen gelde is ten opsigte van 'n kragtens sub-artikel (1) toegekende permit betaalbaar nie.

**Transmission or reception by radio and certain other radio activities prohibited without a licence or certificate.**

5. No person shall transmit or receive by radio any sound, image, sign or signal, or do or permit anything to be done for the doing of which a licence or certificate is prescribed in the First Schedule, unless he is in possession of the appropriate licence or certificate prescribed in the said Schedule, in addition to any other licence or certificate which may be prescribed by any other law, for the transmission or reception undertaken by him or for the doing of that thing.

**Erection, maintenance, possession or sale of radio apparatus without permit or licence is prohibited.**

6. (1) No person shall erect, maintain or have in his possession any radio apparatus unless he is in possession of a permit issued in terms of section *eleven* in respect of such radio apparatus or of the appropriate licence prescribed in the First Schedule for the service for which such radio apparatus is capable of being used.

(2) No person shall sell, give or in any manner whatever supply radio apparatus to any other person unless he is the holder of a radio dealer's licence issued under section *seven* or unless he is in possession of a permit issued by the Postmaster-General.

(3) No fees shall be payable for a permit issued under sub-section (2).

**Issue of licences and certificates.**

7. (1) The Postmaster-General may on such conditions as he may in any case specially prescribe or as may be generally prescribed by regulation, and on payment of the fees prescribed by regulation, issue to any person approved by him, any one or more of the licences or certificates referred to in the First Schedule: Provided that in the case of a listener's licence no such approval shall be required and the licence shall be issued on payment of the prescribed fee.

(2) It shall be a condition of any licence issued under sub-section (1) that the holder thereof shall observe the stipulations of any International Telecommunication Convention to which the Union may be a party, and of the regulations framed in terms thereof.

**Fees payable for licences and certificates.**

8. The fees payable to the Postmaster-General in respect of any licence or certificate referred to in the First Schedule, shall be prescribed by regulation: Provided that no fee shall be so prescribed in respect of any licence or certificate in excess of the fees set out in the Second Schedule in respect of such licence or certificate: Provided further that the fees payable in respect of a listener's licence shall be the fees prescribed under paragraph (*f*) of sub-section (1) of section *twenty-five* of the Broadcasting Act, 1936 (Act No. 22 of 1936), in respect of such licence.

**Duration of licences and certificates.**

9. (1) Subject to the provisions of section *fourteen* a licence referred to in paragraph (ix) of the First Schedule shall be of force and effect, in the case of a new licence, for a period of twelve months from the date of commencement of the service in respect of which the licence was issued, and in the case of a renewal, for a period of twelve months from the date of expiry of the previous licence.

(2) All other licences referred to in the First Schedule shall, unless previously cancelled by the Postmaster-General in terms of section *fourteen*, expire on the thirty-first day of December of the year in which the licence was issued or renewed.

(3) The certificates referred to in paragraphs (xii) and (xiii) of the First Schedule shall remain of force and effect unless and until cancelled by the Postmaster-General in terms of section *fourteen*.

**Production of licences for inspection.**

10. Every person who is by the provisions of this Act required to possess any licence, certificate or permit shall produce his licence, certificate or permit for inspection on demand by any member of the South African Police or by any officer in the public service duly authorized by the Postmaster-General to make such demand.

**Permit for possession of radio apparatus.**

11. (1) The Postmaster-General may grant to any person a permit for a limited period for the possession by such person of any radio apparatus on condition that such apparatus is not during such period used for the purpose of transmission or reception.

(2) No fees shall be payable for a permit granted under sub-section (1).

**Radiohandelaar moet rekords hou.**

**12.** (1) Die houer van 'n radiohandelaarslisensie wat aan enigiemand radio-apparaat verkoop, gee of op enige wyse hoegenaamd lewer, moet ten opsigte van die transaksie 'n faktuur in drievoud uitmaak wat tydens die transaksie deur hom of onder sy toesig uitgeskrywe en onderteken moet word en waarop die datum van die transaksie, die naam en adres van die houer van die lisensie, die naam en adres van die persoon aan wie gelewer is en 'n beskrywing van die aldus gelewerde radio-apparaat, uiteengesit word.

(2) Een afskrif van die in sub-artikel (1) bedoelde faktuur word deur die houer van die lisensie behou en hy moet dit op aanvraag van enige amptenaar in die staatsdiens wat behoorlik deur die Posmeester-generaal gemagtig is om so 'n aanvraag te doen, vir inspeksie toon, een afskrif moet hy ten tyde van die transaksie aan die persoon aan wie gelewer is, oorhandig en een afskrif moet hy binne sewe dae na die transaksie aan die Posmeester-generaal stuur.

**Radioherstellers moet rekords hou.**

**13.** (1) Die houer van 'n radioherstellerslisensie wat enige herstelwerk aan radio-apparaat doen, moet ten opsigte van sodanige herstelwerk 'n faktuur in duplikaat uitmaak wat by voltooiing van die herstelwerk deur hom of onder sy toesig uitgeskrywe en onderteken moet word, en waarop die datum waarop die herstelwerk voltooi is, die naam en adres van die houer van die lisensie, die aard van die herstelwerk wat gedoen is en die naam en adres van die persoon ten behoewe van wie die herstelwerk gedoen is, uiteengesit word.

(2) Een afskrif van die in sub-artikel (1) bedoelde faktuur word deur die houer van die lisensie behou en hy moet dit op aanvraag van enige amptenaar in die staatsdiens wat behoorlik deur die Posmeester-generaal gemagtig is om so 'n aanvraag te doen, vir inspeksie toon en een afskrif moet hy binne sewe dae na voltooiing van die herstelwerk aan die Posmeester-generaal stuur.

**Opskorting of intrekking van lisensies, permitte of sertifikate ingevolge hierdie Wet uitgereik.**

**14.** (1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet, kan die Posmeester-generaal te eniger tyd na behoorlike ondersoek en na kennisgewing aan die lisensiehouer enige lisensie, behalwe 'n luisteraarslisensie, permit of sertifikaat wat ingevolge hierdie Wet uitgereik is, opskort of intrek indien hy oortuig is dat sodanige opskorting of intrekking onder die omstandighede nodig is.

(2) Die Posmeester-generaal kan te eniger tyd na behoorlike ondersoek en kennisgewing aan die lisensiehouer 'n luisteraarslisensie opskort of intrek as hy daarvan oortuig is dat die houer daarvan enige bepaling van hierdie Wet of van enige regulasie oortree het.

(3) Geen houer van 'n lisensie is by die opskorting of intrekking van sy lisensie ingevolge sub-artikel (1) geregtig op 'n terugbetaling van enige gelde wat ten opsigte van so 'n lisensie of sertifikaat betaal is nie.

(4) Iemand wie se lisensie ingevolge sub-artikel (1) opgeskort word, word by die toepassing van hierdie Wet, maar nie by die toepassing van artikel *ses* nie, gedurende die tydperk van opskorting van sy lisensie geag nie die houer van so 'n lisensie te wees nie.

(5) Iemand wat veronreg voel as gevolg van die opskorting of intrekking van sy lisensie, permit of sertifikaat deur die Posmeester-generaal ingevolge sub-artikel (1), het benewens 'n reg van hersiening deur die Hof die reg om na die Minister teen so 'n opskorting of intrekking te appelleer en die Minister kan òf die opskorting of intrekking bevestig òf die lisensie, permit of sertifikaat aan die betrokke persoon herstel.

**Beskikking oor gelde.**

**15.** Alle ingevolge hierdie Wet ingevorderde gelde word in die Gekonsolideerde Inkomstefonds gestort, en daar word uit bedoelde Fonds aan die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie ingestel by die Uitsaaiwet, 1936 (Wet No. 22 van 1936), 'n bedrag betaal wat gelykstaan aan die bedrag van die gelde wat ten opsigte van 'n ingevolge artikel *sewe* uitgereikte luisteraarslisensie ingevorder is min 'n bedrag van twee sjielings en ses pennies ten opsigte van elke lisensie of hernuwing van 'n lisensie en sodanige bedrag van hoogstens vyf persent van bedoelde gelde ten opsigte van 'n luisteraarslisensie vir invordering as waaroor onderling ooreengekom word tussen die Posmeester-generaal en genoemde korporasie, of as wat, by ontstentenis van so 'n ooreenkoms, deur die Minister vasgestel mag word.

**12.** (1) The holder of a radio dealer's licence who sells, gives or in any manner whatsoever supplies any radio apparatus to any person, shall complete in respect of the transaction an invoice in triplicate written and signed by him or under his direction at the time of the transaction setting out the date of the transaction, the name and address of the holder of the licence, the name and address of the person supplied and a description of the radio apparatus so supplied. **Radio dealers to keep records.**

(2) One copy of the invoice referred to in sub-section (1) shall be retained by the holder of the licence and he shall produce it for inspection on demand by any officer in the public service duly authorized by the Postmaster-General to make such demand, one copy shall at the time of the transaction be handed by him to the person supplied and one copy shall be forwarded by him to the Postmaster-General within seven days of the transaction.

**13.** (1) The holder of a radio repairer's licence who effects any repairs to any radio apparatus shall complete in respect of such repairs effected by him an invoice in duplicate written by him or under his direction at the time such repairs are completed, setting out the date on which the repairs were completed, the name and address of the holder of the licence, the nature of the repairs effected and the name and address of the person on whose behalf the repairs were effected. **Radio repairers to keep records.**

(2) One copy of the invoice referred to in sub-section (1) shall be retained by the holder of the licence and he shall produce it for inspection on demand by any officer in the public service duly authorized by the Postmaster-General to make such demand and one copy shall be forwarded by him to the Postmaster-General within seven days of the completion of the repairs.

**14.** (1) Notwithstanding anything to the contrary in this Act contained, the Postmaster-General may at any time after due enquiry and notice to the licensee suspend or cancel any licence, other than a listener's licence, permit or certificate issued under this Act if he is satisfied that such suspension or cancellation is necessary under the circumstances. **Suspension or cancellation of licences, permits or certificates issued under this Act.**

(2) The Postmaster-General may at any time after due enquiry and notice to the licensee suspend or cancel any listener's licence if he is satisfied that the holder thereof has contravened any provision of this Act or of any regulation.

(3) No holder of a license shall upon the suspension or cancellation of his licence in terms of sub-section (1), be entitled to any refund of any fees paid in respect of such licence or certificate.

(4) A person whose licence is suspended in terms of sub-section (1) shall during the period of suspension of his licence be deemed for the purposes of this Act, other than for the purposes of section *six*, not to be the holder of such licence.

(5) Any person who is aggrieved by the suspension or cancellation of his licence, permit or certificate by the Postmaster-General in terms of sub-section (1), shall in addition to any right of review by the Court have the right to appeal to the Minister against such suspension or cancellation and the Minister may either confirm the suspension or cancellation or restore the licence, permit or certificate to the person concerned.

**15.** All fees collected under this Act shall be paid into the Consolidated Revenue Fund, and there shall be paid from that Fund to the South African Broadcasting Corporation established by the Broadcasting Act, 1936 (Act No. 22 of 1936), an amount equal to the amount of the fees collected in respect of any listener's licence issued under section *seven* less an amount of two shillings and sixpence in respect of each licence or renewal of a licence and such an amount not exceeding five per centum of the said fees in respect of a listener's licence for collection as may be mutually agreed upon by the Postmaster-General and the said Corporation, or as may, in the absence of such an agreement, be fixed by the Minister. **Disposal of fees.**

Bevoegdhede van amptenare.

**16.** Enige amptenaar in die staatsdiens wat behoorlik daartoe deur die Posmeester-generaal gemagtig is, kan te alle redelike tye—

(*a*) die in artikels *twaalf* en *dertien* bedoelde rekords ondersoek en sulke uittreksels daaruit maak as wat hy nodig ag;

(*b*) die uitrusting en apparaat ondersoek wat deur enigiemand wat kragtens hierdie Wet gelisensieer is om deur middel van radio oor te send of te ontvang, gebruik word, of wat enigiemand in sy besit het kragtens 'n permit ingevolge artikel *elf* toegeken; en

(*c*) enige lisensie, sertifikaat of permit wat aan enigiemand ingevolge hierdie Wet uitgereik is, ondersoek.

Nasionaliteit van operateurs.

**17.** Niemand mag binne die Unie of aan boord van enige in die Unie geregistreerde skip of lugvaartuig met apparaat vir radio-oorsending werk nie, tensy hy 'n Suid-Afrikaanse burger of 'n burger van 'n Statebondsland of 'n burger van die Republiek Ierland is of tensy die Posmeester-generaal hom in 'n spesiale geval gemagtig het sulks te doen.

Regulasies.

**18.** (1) Die Goewerneur-generaal kan regulasies uitvaardig betreffende—

(*a*) die voorwaardes waarop 'n lisensie of sertifikaat ingevolge artikel *sewe* uitgereik of hernu moet word;

(*b*) die gelde wat ten opsigte van 'n ingevolge artikel *sewe* uitgereikte of hernude lisensie of sertifikaat betaalbaar is;

(*c*) die nodige ondervinding en tegniese bekwaamheid vir houers van 'n radiotegnieksertifikaat, 'n radio-ingenieursertifikaat, of 'n radioherstellerslisensie of persone in sy diens;

(*d*) die gebruik van radio-installasies aan boord skip binne die territoriale waters van die Unie en op lugvaartuie wat binne die Unie is of oor die Unie vlieg;

(*e*) die beheer oor en voorkoming van elektriese of ander versteurings van radio-ontvangs; en

(*f*) in die algemeen, die beheer oor radio-bedrywighede en die gebruik van radio-apparaat.

(2) Geen kragtens paragraaf (*c*) van sub-artikel (1) uitgevaardigde regulasie skryf ten opsigte van enige lisensie of sertifikaat gelde voor wat die gelde wat ten opsigte van daardie lisensie of sertifikaat in die Tweede Bylae uiteengesit word, te bowe gaan nie.

(3) Enige kragtens sub-artikel (1) uitgevaardigde regulasies word binne veertien dae na afkondiging daarvan in beide Huise van die Parlement ter Tafel gelê indien die Parlement dan in gewone sitting is, of indien die Parlement nie dan in gewone sitting is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sitting, en bly op genoemde Tafels vir minstens agt-en-twintig agtereenvolgende dae, en indien die Parlement geprorogeer word voordat die nodige agt-en-twintig dae verloop het, word sodanige regulasies weer soos voormeld binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sitting ter Tafel gelê.

(4) Indien beide Huise van die Parlement by besluit wat gedurende dieselfde sitting geneem word (naamlik 'n sitting waarin sulke regulasies ooreenkomstig sub-artikel (3) in beide Huise van die Parlement ter Tafel gelê is) sulke regulasies of 'n bepaling daarvan afkeur, verval die regskrag van sulke regulasies of so 'n bepaling daarvan vir sover hulle aldus afgekeur word, dog sonder afbreuk te doen aan die geldigheid van enigiets wat ingevolge sulke regulasies of so 'n bepaling daarvan tot op die datum waarop die regskrag van sulke regulasies of so 'n bepaling daarvan aldus verval het, gedoen is, of aan enige reg, voorreg, verpligting of aanspreeklikheid wat op bedoelde datum reeds ingevolge sulke regulasies of so 'n bepaling daarvan verkry, opgeloop of aangegaan is.

Strafbepalings.

**19.** (1) Iemand wat—

(*a*) enige bepaling van artikel *vyf, ses, twaalf, dertien* of *sewentien* oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen;

(*b*) enige voorwaarde van 'n lisensie, sertifikaat of permit wat ingevolge hierdie Wet aan hom uitgereik is, oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen;

(*c*) in gebreke bly of weier om enige lisensie, sertifikaat of permit wat ingevolge hierdie Wet aan hom uitgereik is, of enige in sub-artikel (2) van artikel *twaalf* of sub-artikel (2) van artikel *dertien* bedoelde faktuur te vertoon op aanvraag van enige amptenaar in die staatsdiens wat deur die Posmeester-generaal gemagtig is om so 'n aanvraag te doen;

**16.** Any officer in the public service duly authorized thereto by the Postmaster-General may at all reasonable times— **Powers of officers.**

(*a*) inspect the records referred to in sections *twelve* and *thirteen* and may make such extracts therefrom as he may deem necessary;

(*b*) inspect the plant and apparatus used by any person licensed under this Act to transmit or receive by radio, or possessed by any person under a permit granted in terms of section *eleven*;

(*c*) inspect any licence, certificate or permit issued to any person under this Act.

**17.** No person shall operate radio transmitting apparatus within the Union or on board any vessel or aircraft registered in the Union, unless he is a South African citizen or a citizen of a Commonwealth Country or a citizen of the Republic of Ireland or unless he has, in any special case, been authorized to do so by the Postmaster-General. **Nationality of operators.**

**18.** (1) The Governor-General may make regulations relating to— **Regulations.**

(*a*) the conditions subject to which any licence or certificate shall be issued or renewed under section *seven*;

(*b*) the fees that shall be payable in respect of any licence or certificate issued or renewed under section *seven*;

(*c*) the necessary experience and technical ability for holders of a radio technician's certificate, a radio engineer's certificate, or a radio repairer's licence or persons employed by him;

(*d*) the operation of radio installations on board ships within the territorial waters of the Union and on aircraft in or flying over the Union;

(*e*) the control and prevention of electrical or other interference with radio reception; and

(*f*) generally, the control of radio activities and the use of radio apparatus.

(2) No regulation made under paragraph (*c*) of sub-section (1) shall prescribe in respect of any licence or certificate a fee in excess of the fees set out in the Second Schedule in respect of that licence or certificate.

(3) Any regulations made under sub-section (1) shall be laid on the Tables of both Houses of Parliament within fourteen days after promulgation thereof if Parliament is then in ordinary session, or if Parliament is not then in ordinary session, within fourteen days after the commencement of its next ensuing ordinary session, and shall remain on the said Tables for at least twenty-eight consecutive days, and if Parliament is prorogued before the necessary twenty-eight days have elapsed such regulations shall again be laid on the said Tables as aforesaid within fourteen days after the commencement of its next ensuing ordinary session.

(4) If both Houses of Parliament by resolution passed in the same session (being a session during which such regulations have been laid on the Tables of both Houses of Parliament in terms of sub-section (3)) disapprove of any such regulations or of any provision thereof, such regulations or such provision thereof shall thereafter cease to be of force and effect to the extent to which they are so disapproved, but without prejudice to the validity of anything done in terms of such regulations or of such provision thereof up to the date upon which they so ceased to be of force and effect, or to any right, privilege, obligation or liability acquired, accrued or incurred as at the said date under and by virtue of such regulations or such provision thereof.

**19.** (1) Any person who— **Penalties.**

(*a*) contravenes or fails to comply with any provision of section *five*, *six*, *twelve*, *thirteen*, or *seventeen*; or

(*b*) contravenes or fails to comply with any condition of any licence, certificate or permit issued to him under this Act;

(*c*) fails or refuses to produce any licence, certificate or permit issued to him under this Act or any invoice referred to in sub-section (2) of section *twelve* or sub-section (2) of section *thirteen* on demand by any officer in the public service authorized by the Postmaster-General to make such demand;

(*d*) enige amptenaar in die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens artikel *sestien* dwarsboom of hinder;
(*e*) enige bepaling van enige regulasie oortree of versuim om daaraan te voldoen;
(*f*) enige valse of bedrieglike nood- of ander sein, boodskap, oproep of telegram van enige aard deur middel van radio oorsend of laat oorsend, of wat, sonder wettige rede, die oorsending of ontvangs van enige radiokommunikasie versteur of dwarsboom;
(*g*) enige ander radiokommunikasie dan die wat hy gemagtig is om te ontvang, onderskep, of waar sodanige radiokommunikasie onwillekeurig ontvang word, dit weergee of dit aan enigiemand anders meedeel of dit vir enige doel hoegenaamd gebruik,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, en die hof wat hom skuldig vind kan benewens enige straf wat hy mag oplê, 'n bevel uitreik wat—
(i) die verbeurdverklaring aan die Staat gelas van enige radio-apparaat in verband waarmee of deur middel waarvan die misdryf gepleeg is: Met dien verstande dat geen so 'n bevel van verbeurdverklaring uitgereik word nie indien dit bewys word dat die betrokke radio-apparaat nie aan die aldus veroordeelde persoon behoort nie en dat die eienaar nie in staat was om die onwettige gebruik daarvan deur die aldus veroordeelde persoon te verhinder nie;
(ii) die intrekking gelas van enige lisensie, sertifikaat of permit wat deur die aldus veroordeelde persoon ingevolge hierdie Wet gehou word en wat hom verbied om vir 'n bepaalde tyd enige lisensie, sertifikaat of permit ingevolge hierdie Wet te hou;
(iii) die betaling gelas van alle agterstallige lisensiegelde wat deur die aldus veroordeelde persoon verskuldig is.

(2) 'n Kragtens paragraaf (iii) van sub-artikel (1) uitgereikte bevel het dieselfde uitwerking as en kan uitgevoer word soos 'n siviele vonnis ten gunste van die Posmeester-generaal.

**Herroeping van Wette.**

**20.** (1) Die Wette wat in die Derde Bylae genoem word, word hiermee herroep vir sover in die derde kolom van daardie Bylae aangedui word.

(2) Enige lisensie, sertifikaat of permit wat ingevolge enige bepaling van 'n Wet wat by sub-artikel (1) herroep word, uitgereik is, word geag ingevolge die ooreenstemmende bepalings van hierdie Wet uitgereik te gewees het.

**Kort titel.**

**21.** Hierdie Wet heet die Radiowet, 1952, en tree in werking op 'n deur die Goewerneur-generaal by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaalde datum.

## Eerste Bylae.

LISENSIES EN SERTIFIKATE WAT KRAGTENS ARTIKEL *sewe* UITGEREIK KAN WORD EN DIE DOELEINDES WAARVOOR HULLE VEREIS WORD.

| Lisensie of Sertifikaat. | Doel waarvoor dit vereis word. |
|---|---|
| (i) Lugvaartstasielisensie.. | Die instandhouding van 'n stasie wat 'n bepaalde diens ten bate van lugvaartuie voortsit. |
| (ii) Vliegboordstasielisensie | Die instandhouding van 'n stasie aan boord enige soort lugvaartuig wat onafgebroke onder menslike beheer is. |
| (iii) Amateurstasielisensie.. | Die instandhouding van 'n stasie vir 'n diens van self-onderrig, interkommunikasie en tegniese ondersoek wat deur amateurs voortgesit word, dit wil sê, deur persone wat in radiotegniek vir slegs 'n persoonlike doel, sonder 'n geldelike belang, belang stel. (Hierdie lisensie word nie aan iemand wat nie die houer van 'n luisteraarslisensie is nie, uitgereik nie.) |
| (iv) Uitsaaistasielisensie .. | Die instandhouding van 'n stasie vir 'n radiokommunikasiediens van oorsendings vir regstreekse ontvangs deur die algemene publiek, met inbegrip van oorsendings deur middel van televisie of op 'n ander wyse. (Hierdie lisensie word nie aan iemand sonder die goedkeuring van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie ingestel by die Uitsaaiwet, 1936 (Wet No. 22 van 1936) uitgereik nie.) |

(*d*) obstructs or hinders any officer in the exercise of his powers under section *sixteen*;

(*e*) contravenes or fails to comply with any provision of any regulation;

(*f*) transmits or causes to be transmitted by radio any false or fraudulent distress or other signal, message, call or telegram of any kind, or who, without lawful excuse, interferes with or obstructs the transmission or reception of any radio communication;

(*g*) intercepts any radio communication other than that which he is authorized to receive or, where such radio communication is involuntarily received, reproduces or communicates it to any other person or uses it for any purpose whatsoever,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds or to imprisonment for a period not exceeding six months, and the court convicting him may in addition to any penalty that it may impose, order—

(i) the confiscation to the State of any radio apparatus in connection with or by means of which the offence was committed: Provided that no such order of confiscation shall be made if it is proved that the radio apparatus in question does not belong to the person so convicted and that its owner was unable to prevent its unlawful use by the person so convicted;

(ii) the cancellation of any licence, certificate or permit held under this Act by the person so convicted and prohibiting him from holding for a specified period any licence, certificate or permit under this Act;

(iii) the payment of all arrear licence fees owing by the person so convicted.

(2) Any order made under paragraph (iii) of sub-section (1) shall have the same effect as and may be executed as if it were a civil judgment in favour of the Postmaster-General.

**Repeal of laws.**

**20.** (1) The laws mentioned in the Third Schedule are hereby repealed to the extent set out in the third column of that Schedule.

(2) Any licence, certificate or permit issued under any provision of any law repealed by sub-section (1) shall be deemed to have been issued under the corresponding provisions of this Act.

**Short title.**

**21.** This Act shall be called the Radio Act, 1952, and shall come into operation on a date to be fixed by the Governor-General by Proclamation in the *Gazette*.

## First Schedule.

LICENCES AND CERTIFICATES WHICH MAY BE ISSUED UNDER SECTION *seven* AND THE PURPOSES FOR WHICH THEY ARE REQUIRED.

| Licence or Certificate. | Purpose for which required. |
|---|---|
| (i) Aeronautical Station Licence. | The operation of a station carrying on a specific radio service for the benefit of aircraft. |
| (ii) Aircraft Station Licence | The operation of a station installed on board any type of aircraft and continuously subject to human control. |
| (iii) Amateur Station Licence. | The operation of a station for a service of self training, intercommunication and technical investigation carried on by amateurs, that is, by persons interested in radio technique solely with a personal aim and without pecuniary interest. (This licence shall not be issued to a person who is not the holder of a listener's licence.) |
| (iv) Broadcasting Station Licence. | The operation of a station for a radio-communication service of transmissions for reception directly by the general public, including the transmission by television, or other means. (This licence shall not be issued to any person without the consent of the South African Broadcasting Corporation established by the Broadcasting Act, 1936 (Act No. 22 of 1936).) |

| Lisensie of Sertifikaat. | Doel waarvoor dit vereis word. |
|---|---|
| (v) Kusstasielisensie .. | Die instandhouding van 'n landstasie in die mobiele seediens wat 'n bepaalde diens ten bate van skepe voortsit. |
| (vi) Proefstasielisensie .. | Die instandhouding van 'n stasie vir proefnemings in radio met die oog op die ontwikkeling van die radiowetenskap of -tegniek. |
| (vii) Vastestasielisensie .. | Die instandhouding van 'n stasie vir radiokommunikasie tussen bepaalde plekke. |
| (viii) Lisensie vir 'n Mobiele Landstasie. | Die instandhouding van 'n stasie in die mobiele landdiens. |
| (ix) Luisteraarslisensie .. | Die gebruik van radio-apparaat vir die ontvangs van enigiets wat in 'n uitsaaidiens uitgesaai word. |
| (x) Radiohandelaarslisensie | Die uitoefening van 'n bedryf of besigheid in 'n winkel, stoor of enige plek hoegenaamd waar radio-apparaat gekoop, verkoop of verruil word of vir verkoop of ruil aangebied word. (Hierdie lisensie word nie aan iemand wat nie die houer is nie van 'n luisteraarslisensie ten opsigte van die persele waar die bedryf of besigheid uitgeoefen gaan word, uitgereik nie.) |
| (xi) Radioherstellerslisensie | Die uitoefening as 'n besigheid van die herstel van radio-apparaat vir wins in enige winkel, stoor of enige plek hoegenaamd. (Hierdie lisensie word nie aan iemand wat nie die houer van 'n luisteraarslisensie is nie, en wat nòg die by regulasie voorgeskrewe ondervinding of tegniese bekwaamheid self besit, nòg persone met daardie ondervinding en bekwaamheid as radioherstellers in sy diens het, uitgereik nie.) |
| (xii) Radiotegnieksertifikaat | Die instandhouding en herstel van radio-apparaat waarop die lewensveiligheid in die lug of ter see berus. (Hierdie sertifikaat word nie aan iemand wat nie die by regulasie voorgeskrewe ondervinding of tegniese bekwaamheid besit nie, uitgereik nie.) |
| (xiii) Radio-ingenieursertifikaat. | Die toesighouding oor die installasie en die instandhouding en herstel van radio-apparaat by 'n stasie waar die totale krag van alle radio-apparaat meer dan 500 watt is. (Hierdie sertifikaat word nie aan iemand wat nie die by regulasie voorgeskrewe ondervinding of tegniese bekwaamheid besit nie, uitgereik nie.) By die toepassing van hierdie paragraaf beteken „krag" die kragtoevoer van die anode van die radiofrekwensietrap wat die lugdraad voorafgaan. |
| (xiv) Skeepsboordstasielisensie. | Die instandhouding van 'n stasie in die mobiele seediens aan boord 'n skip wat nie permanent aan anker lê nie. |
| (xv) Spesiale Radiolisensie.. | Die instandhouding van 'n stasie vir enige radiokommunikasiediens ten opsigte waarvan 'n lisensie nie spesiaal in hierdie Bylae voorgeskryf word nie. |

## Tweede Bylae.

MAKSIMUM GELDE WAT TEN OPSIGTE VAN DIE IN DIE EERSTE BYLAE GENOEMDE LISENSIES EN SERTIFIKATE VOORGESKRYF KAN WORD.

| | £ s. d. |
|---|---|
| Amateurstasielisensie .. | 10 0 |
| Proefstasielisensie .. | 2 0 0 |
| Radio-ingenieursertifikaat .. | gratis |
| Radiotegnieksertifikaat .. | gratis |
| Radiohandelaarslisensie .. | gratis |
| Radioherstellerslisensie .. | gratis |
| Enige ander lisensie of sertifikaat (met uitsondering van 'n Luisteraarslisensie) .. | 5 0 0 |

## Derde Bylae.

WETTE HERROEP.

| No. en Jaar van Wet. | Titel van Wet. | In hoeverre herroep. |
|---|---|---|
| Wet No. 20 van 1926 | Radio Wet, 1926 .. .. | Die geheel. |
| Wet No. 23 van 1928 | Radio-Wysigingswet, 1928 | Die geheel. |
| Wet No. 22 van 1936 | Uitsaaiwet, 1936 .. .. | Artikel *sewen-en-twintig*. |

| Licence or Certificate. | Purpose for which required. |
|---|---|
| (v) Coast Station Licence | The operation of a land station in the maritime mobile service carrying on a specific service for the benefit of ships. |
| (vi) Experimental Station Licence | The operation of a station for experiments in radio with a view to the development of radio science or technique. |
| (vii) Fixed Station Licence | The operation of a station for radiocommunication between specified points. |
| (viii) Land Mobile Station Licence | The operation of a station in the land mobile service. |
| (ix) Listener's Licence .. | The use of radio apparatus for the reception of anything broadcast in a broadcasting service. |
| (x) Radio Dealer's Licence | The carrying on of a trade or business in any shop, store or any place whatsoever where radio apparatus is bought, sold or exchanged or offered or exposed for sale or exchange. (This licence shall not be issued to a person who is not the holder of a listener's licence in respect of the premises where the trade or business is to be carried on.) |
| (xi) Radio Repairer's Licence. | The carrying on of the business of repairing radio apparatus for gain at any shop, store or any place whatsoever. (This licence shall not be issued to a person who is not the holder of a listener's licence, and who neither possesses nor has in his employ as radio repairers persons who possess the experience and technical ability prescribed by regulation.) |
| (xii) Radio Technician's Certificate. | The maintenance and repairing of radio apparatus upon which the safety of life in the air or on the sea depends. (This certificate shall not be issued to a person who does not possess the experience and technical ability prescribed by regulation.) |
| (xiii) Radio Engineer's Certificate. | Directing the installation and the maintenance and repairing of any radio apparatus at a station where the total power of all radio apparatus exceeds 500 watts. (This certificate shall not be issued to a person who does not possess the experience and technical ability prescribed by regulation.) "Power" for the purpose of this paragraph means the input power to the anode of the radio frequency stage preceding the aerial. |
| (xiv) Ship Station Licence.. | The operation of a station in the maritime mobile service located on board a vessel which is not permanently moored. |
| (xv) Special Radio Licence | The operation of a station for any radiocommunication service in respect of which a licence has not been specially prescribed in this Schedule. |

## Second Schedule.

MAXIMUM FEES THAT MAY BE PRESCRIBED IN RESPECT OF THE LICENCES AND CERTIFICATES MENTIONED IN THE FIRST SCHEDULE.

| | £ s. d. |
|---|---|
| Amateur Station Licence .. .. .. .. .. | 10 0 |
| Experimental Station Licence .. .. .. .. .. | 2 0 0 |
| Radio Engineer's Certificate .. .. .. .. .. | gratis |
| Radio Technician's Certificate .. .. .. .. .. | gratis |
| Radio Dealer's Licence .. .. .. .. .. .. | gratis |
| Radio Repairer's Licence .. .. .. .. .. | gratis |
| Any other licence or certificate (other than a Listener's Licence) | 5 0 0 |

## Third Schedule.

LAWS REPEALED.

| No. and year of law. | Title of law. | Extent of repeal. |
|---|---|---|
| Act No. 20 of 1926. | Radio Act, 1926. | The whole. |
| Act No. 23 of 1928. | Radio Amendment Act, 1928. | The whole. |
| Act No. 22 of 1936. | Broadcasting Act, 1936. | Section *twenty-seven.* |

## Vierde Bylae.

SAMESTELLING VAN ADVISERENDE RADIORAAD KRAGTENS ARTIKEL *drie*.

Die gemelde Raad bestaan uit 'n verteenwoordiger van—

(1) die Departement van Pos- en Telegraafwese;
(2) die Departement van Verdediging;
(3) die Departement van Vervoer;
(4) die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad;
(5) „the Electronic and Electrical Appliances Association of South Africa";
(6) die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie; en
(7) twee addisionele lede, indien verlang.

## Fourth Schedule.

CONSTITUTION OF RADIO ADVISORY BOARD IN TERMS OF SECTION *three*.

The said Board shall consist of a representative of—

(1) the Department of Posts and Telegraphs;
(2) the Department of Defence;
(3) the Department of Transport;
(4) the Council for Scientific and Industrial Research;
(5) the Electronic and Electrical Appliances' Association of South Africa;
(6) the South African Broadcasting Corporation; and
(7) two additional members, if desired.

No. 4, 1952.]

# WET

**Om die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945, te wysig en om provinsiale rade te magtig om tot die koste van die Van Riebeeck-fees (1952) by te dra en uitgawes in verband daarmee aan te gaan.**

(*Afrikaanse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.*)
(*Goedgekeur op* 5 *Maart* 1952.)

DIT WORD BEPAAL deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Wysiging van artikel 26 van Wet 38 van 1945.

**1.** Artikel *ses-en-twintig* van die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945 (hieronder die Hoofwet genoem), word hiermee gewysig deur in sub-artikel (2) die woord „vyftigduisend" deur die woord „honderdduisend" te vervang.

Provinsiale rade kan tot die koste van die Van Riebeeck-fees (1952) bydra en uitgawes in verband daarmee aangaan.

**2.** (1) 'n Provinsiale raad kan uit sy provinsiale inkomstefonds—

(*a*) aan 'n persoon of liggaam van persone 'n bydrae maak tot die koste van enige funksie binne of buite die provinsie deur daardie persoon of liggaam in verband met die Van Riebeeck-fees (1952) gereël; en

(*b*) enige uitgawe in verband met bedoelde Fees binne of buite die provinsie aangaan.

(2) Geen bedrag ingevolge sub-artikel (1) bygedra of uitgegee, word by die toepassing van sub-artikel (1) van artikel *ses* van die Hoofwet, geag deel van die netto uitgawes van die betrokke provinsie uit te maak nie.

Kort titel.

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1952.

No. 4, 1952.]

# ACT

**To amend the Financial Relations Consolidation and Amendment Act, 1945, and to empower provincial councils to contribute towards the costs of and to incur expenditure in connection with the Van Riebeeck Festival (1952).**

*Afrikaans text signed by the Governor-General.*)
(*Assented to 5th March*, 1952.)

BE IT ENACTED by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Amendment of section 26 of Act 38 of 1945.

**1.** Section *twenty-six* of the Financial Relations Consolidation and Amendment Act, 1945 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution in sub-section (2) for the word "fifty" of the words "one hundred".

Provincial Councils may contribute towards costs of and incur expenditure in connection with the Van Riebeeck Festival (1952).

**2.** (1) A provincial council may out of its provincial revenue fund—

(*a*) make a contribution to any person or body of persons towards the costs of any function organized within or without the province by that person or body in connection with the Van Riebeeck Festival (1952); and

(*b*) incur any expenditure in connection with the said Festival within or without the province.

(2) No amount contributed or expended under sub-section (1) shall for the purposes of sub-section (1) of section *six* of the principal Act, be deemed to form part of the nett expenditure of the province concerned.

Short title.

**3.** This Act shall be called the Financial Relations Amendment Act, 1952.

# WETSONTWERP

**Om die Uitsaaiwet, 1936, te wysig.**

(*Ingedien deur die* MINISTER VAN POS- EN TELEGRAAFWESE.)

DIT WORD BEPAAL deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Wysiging van artikel 12 van Wet 22 van 1936 soos vervang deur artikel 1 van Wet 14 van 1949.

**1.** Artikel *twaalf* van die Uitsaaiwet, 1936, word hiermee gewysig—

(*a*) deur aan die end van paragraaf (*b*) die woord „en" by te voeg; en

(*b*) deur die volgende paragraaf aan die end daarvan by te voeg:

„(*c*) om, met goedkeuring van die Minister en onderworpe aan die voorwaardes en teen die vergoeding wat die korporasie, met die goedkeuring van die Minister, bepaal, programme oor drade te verskaf aan iemand wat ingevolge artikel *tagtig* van die ,Post Administratie en Scheepvaart Kombinaties Verhinderings Wet, 1911' (Wet No. 11 van 1911), gelisensieerd is om telegraaflyne aan te lê, in stand te hou en te werk vir die heruitsending aan enigiemand oor sulke lyne van 'n program aldus verskaf.".

Kort titel

**2.** Hierdie Wet heet die Uitsaaiwysigingswet, 1952.

GEDRUK IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA DEUR CAPE TIMES LIMITED, PAROW, K.P.—C129.

# BILL

**To amend the Broadcasting Act, 1936.**

(*Introduced by the* MINISTER OF POSTS AND TELEGRAPHS.)

BE IT ENACTED by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Amendment of section 12 of Act 22 of 1936, as substituted by section 1 of Act 14 of 1949.

**1.** Section *twelve* of the Broadcasting Act, 1936, is hereby amended by—

(*a*) the addition at the end of paragraph (*b*) of the word "and"; and

(*b*) the addition thereto of the following paragraph:

"(*c*) to supply, with the approval of the Minister and subject to such conditions and for such consideration as the corporation may, with the approval of the Minister, determine, programmes over wires to any person licensed by the Postmaster-General under section *eighty* of the Post Office Administration and Shipping Combinations Discouragement Act, 1911 (Act No. 10 of 1911), to construct, maintain and work telegraph lines for the purpose of relaying to any person over such lines a programme so supplied.".

Short title.

**2.** This Act shall be called the Broadcasting Amendment Act, 1952.

PRINTED IN THE UNION OF SOUTH AFRICA BY CAPE TIMES LIMITED, PAROW, C.P.—C129.